



eduresourceza.com



Plak asseblief die
strepieskode-etiket hier

PUNTE-
TOTAAL

--

INTERNASIONALE SEKONDÊRE SERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2022

REKENINGKUNDE: VRAESTEL II

EKSAMENNOMMER

--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--

Tyd: 2 uur

100 punte

LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR

- Hierdie vraestel bestaan uit 16 bladsye, 'n Inligtingsboekie van 9 bladsye (i–ix) en 'n Formuleblad van 1 bladsy (i). Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.
- Lees die vrae noukeurig deur.
- Beantwoord AL die vrae op die vraestel en dien dit aan die einde van die eksamensessie in. Onthou om jou eksamennommer in te vul in die spasie wat op die vraestel voorsien word.**
- Dit is in jou eie belang om leesbaar te skryf en jou werk netjies aan te bied.
- Jy mag **nie** groen of rooi ink gebruik nie. **Jy mag 'n potlood gebruik, maar gebruik asseblief 'n sagte, donker potlood.**
- Alle berekening moet tot **twee desimale plekke** afgerond word.
- VIER skoon bladsye (bladsy 13–16) word aan die einde van die vraestel ingesluit. Indien jy te min spasie vir 'n antwoord het, gebruik hierdie bladsye. Dui die nommer van jou antwoord duidelik aan indien jy hierdie ekstra spasie gebruik
- Die punttoekenning en die toepaslike tyd wat vir elke vraag geneem moet word, is soos volg:

	Moontlike punte	Werklike punte	Nasiener se handtekening	Moderator se handtekening
Vraag 1: Begrotings (36 minute)	30			
Vraag 2: Maatskappyontleding (60 minute)	50			
Vraag 3: Versoenings (24 minute)	20			
TOTAAL	100			

VRAAG 1 BEGROTINGS**(30 punte; 36 minute)****Verwys na die inligting aangaande Tank's Sportswear.**

1.1 Voltooi die debiteure-invorderingskedge vir die tydperk 1 Januarie tot 31 Maart 2023.

	Januarie 2023 R	Februarie 2023 R	Maart 2023 R
Invoering van skuld uitstaande op 31 Desember 2022	45 000	42 300	
Januarie 2023	*	38 880	
Februarie 2023	–	43 092	*
Maart 2023	–	–	44 460
	Moenie bereken nie		

Berekeninge:

(4)

1.2 Bereken A–C op die kontantbegroting. Toon alle berekeninge om gedeeltelik punte te verdien.

A:

B:

C:

(2)

(4)

(2)

- 1.3 Tankiso oorweeg bykomende trekkings deur voorraad van R1 000 in Maart 2023 te onttrek. Watter finansiële implikasie sal dit vir die begroting hê?

(2)

- 1.4 Jy het vasgestel dat Tank's Sportswear **likiditeitsprobleme** gedurende die begrotingstydperk sal ondervind.

- 1.4.1 Identifiseer die **DRIE** hoofredes hiervoor deur na die kontantbegroting en die inligting wat voorsien is, te verwys.

•
•
•

(3)

- 1.4.2 Watter advies kan jy vir Tankiso gee om die likiditeit van die onderneming te verbeter?

•
•

(2)

- 1.5 Bereken die persentasieverhoging wat Tankiso op die gemiddelde maandelikse verkope van die vorige jaar toegepas het om die begrote verkoopsyfer vir Januarie 2023 te bepaal.

--

- 1.6 Tank's Sportswear het op 31 Desember 2022 'n debiteurekontrolesaldo van R90 000 gehad.

Verwys na 1.1 en bepaal wat die persentasie debiteure-invorderingsverwagtinge (tendense) vir hierdie bedrag is.

--

(3)

- 1.7 Bereken die oorspronklike leningsbedrag verskuldig **voor** die leningterugbetaling.

--

(2)

- 1.8 Aan die einde van Februarie 2023 het Tankiso sekere begrote syfers vir Januarie en Februarie 2023 met die werklike syfers wat behaal is, vergelyk.

Soos beplan, was 50% van hierdie verkope op krediet.

	Januarie 2023		Februarie 2023	
	Begroot	Werklik	Begroot	Werklik
Kontantverkope	86 400	103 680	90 720	108 864
Kontant van debiteure	86 040	82 740	124 272	122 625

Ontleed die syfers en tendense hierbo krities.

(4)

VRAAG 2**MAATSKAPPYONTLEDING****(50 punte; 60 minute)****Verwys na die inligting aangaande Shoprite Holdings Limited.**

- 2.1 Verkope van handelsware in Suid-Afrika het met 8,5% toegeneem, terwyl die verkope van handelsware in die res van Afrika met 7,5% afgeneem het.

Verskaf **TWEE** moontlike redes vir die afname in die res van Afrika.

•
•

(2)

- 2.2 Vanweë die uitdagings wat deur Covid-19-inperkings en die sluiting van grense meegebring is, het Shoprite hul voorsieningsketting in nie-RSA-lande aangepas om meer plaaslike verskaffers te gebruik teenoor "invoer" van hul pakhuise in Suid-Afrika. In Suid-Afrika het hulle ook hul plaaslike voorsieningsbasis vergroot. In die meeste gevalle het dit 'n gunstige effek op bruto wins gehad.

Verskaf 'n jaar-tot-jaar-berekening om te bewys hoe die aanpassing van waar hulle hul voorraad koop hul winsgewendheid gebaat het. Lewer ook kommentaar op jou bevinding.

Kommentaar:

(3)

2.3 Identifiseer of Shoprite ontwrigtings in hul voorsieningsketting kan ondervind, d.w.s. om **goedere** van hul **verskaffers** op die rakke beskikbaar te hê vir hul **klante**.

- Identifiseer en vergelyk die **resultate** van die **DRIE** relevante voorsieningsketting finansiële aanwysers.
- Kom dan tot 'n algehele gevolgtrekking.
- Maak ook **EEN** voorstel op grond van jou gevolgtrekking.

Identifiseer DRIE relevante finansiële aanwyser-resultate:
•
•
•

Vergelyk die finansiële aanwysers:
•
•
•

Algehele gevolgtrekking:

Voorstel:

- 2.4 Jy was een van die aandeelhouders wat besluit het om jou aandele op 31 Desember 2020 aan Shoprite terug te verkoop.

Gebruik berekeninge om te verduidelik waarom jy tevrede was om toe jou 50 000 aandele te verkoop.

(4)

- 2.5 Indien Shoprite besluit om nog aandele in Julie 2021 terug te koop, noem en bereken die belangrikste verhouding wat hulle voor die terugkoop van aandele sal moet oorweeg.

--

(2)

- 2.6 Bereken die netto batewaarde (NBW) per aandeel op 30 Junie 2021.

--

(2)

- 2.7 Gee **TWEE** moontlike redes waarom daar so 'n verskil tussen die netto batewaarde per aandeel en die handelingsprys op die JSE vir Shoprite sal wees.

(2)

2.8 2.8.1 Bereken die verdienste per aandeel (VPA) vir 2021.

--

(2)

2.8.2 Ontleed die dividendbeleid wat in 2021 toegepas is.

Motiveer jou argumente met toepaslike berekeninge/persentasies/verhoudings.

(4)

2.9 Watter effek sou dit op die aandeelhouders gehad het toe dividende verklaar moes word indien die maatskappy nie aandele gedurende die jaar teruggekoop het nie?

(1)

2.10 Bereken en lewer kommentaar op die opbrengs op aandeelhoudersbelang vir 2021.

Berekening:
Kommentaar:

(5)

2.11 Bereken die opbrengs op kapitaal aangewend soos op 30 Junie 2021.

--

(5)

2.12 Kort na die einde van die 2021 finansiële jaar het protesaksie uitgebreek en 47 winkels wat deur Shoprite Holdings besit word, is afgebrand. Om hierdie winkels te herbou, sal hulle R950 miljoen bykomende befondsing benodig.

Bepaal die effek op die skuld:ekwiteit-verhouding indien hulle besluit om van leen-fasiliteite gebruik te maak om die R950 miljoen te verkry.

Voor:
Na:

(4)

2.13 Sal jy op grond van jou bevindings in Vraag 2.10–2.12 aanbeveel dat Shoprite bykomende aandele uitreik of lenings verkry om die R950 miljoen te dek? Motiveer jou redenasie deur minstens **DRIE** gedetailleerde punte te verskaf.

☐ Reik bykomende aandele uit

☐ Verkry lenings

•
•
•

(6)

(20 punte; 24 minute)

Verwys na die inligting aangaande Jack's Shisa Nyama.

- 3.1 Dit is duidelijk dat die ouderdomsontleding op die staat wat van AAA Meats ontvang is, verkeerd is.

- 3.1.1 Stel die korrekte ouderdomsontleding soos op 31 Julie 2022 op.

MOENIE transaksies wat onder bykomende inligting gelys is in ag neem nie.

TOON ALLE BEREKENINGE.

60+ dae	30+ dae	Huidig
Moenie optel nie	Moenie optel nie	Moenie optel nie

(6)

- 3.1.2 Toe AAA Meats gekonfronteer word, beweer hulle dat hulle betalings van klante teen die huidige (nuutste) skuld opteken.

Verskaf **TWEE** redes waarom dit nie standaard rekeningkundige praktyk is nie.

•
•

(2)

- 3.2 Versoen die staat wat van AAA Meats ontvang is met die rekords van Jack's Shisa Nyama deur die toepaslike inskrywings in die tabel hieronder te maak.

Dui 'n negatief aan deur hakies () te gebruik en gebruik 'n aandagstreep – vir geen inskrywing nie.

	Krediteure-grootboek	Krediteure-versoeningstaat
1. Foutiewe saldo's	R5 800	R18 730
2.		
3.		
4.		
5.		
6.		
7.		
8.		
Moenie bereken nie		

(7)

- 3.3 Verwys na bykomende inligting nommer 8 (die aanlyn bankbetaling).

- 3.3.1 Waarom moet Jack bekommerd wees daaroor dat dit eers ontdek is toe die boekhouer dit genoem het?

(2)

- 3.3.2 Watter **regstellende** maatreël moet vir hierdie transaksie ingestel word?

(1)

3.3.3 Gee **TWEE voorkomende** beheermaatreëls wat die interne ouditeur moet implementeer sodat dit in die toekoms nie weer gebeur nie.

•
•

(2)

20

Totaal: 100 punte

This image shows a blank sheet of white paper with horizontal ruling lines. A diagonal watermark reading "eduresourceza.com" is visible across the page. The watermark is light gray and spans from the bottom left towards the top right. There are approximately 20 horizontal lines on the page.

[illegible]

[illegible]